**Abram se geloof het gegroei, Lot s'n nie**

**Gen 13:1-18**

**27 Augustus 2023**

1. Vantevore: Die Here het Abram se geloof getoets deur die hongersnood. Abram was bereid om twee van die beloftes van die Here op die spel te plaas. Maar die Here het hom deur die farao gekonfronteer, en hom teruggebring na die beloofde land. Alhoewel Abram se geloof gewankel het, was die Here by hom tydens die toets. Ons geloof moet en sal ook getoets word, maar die Here sal ook by ons wees tydens so 'n toets.
2. Die historiese gebeure toe Abram en Lot van mekaar geskei het (Gen 13:1-18)
    a. V1-2: Abram, Sarai en Lot keer terug na Negev – Abram is ryk
    b. V3-4: Trek tot by Bet-El / Ai, waar hy die Naam van die Here aanroep.
    c. V17-18: Trek tot by Hebron, waar hy altaar bou – die gedeelte word omarm deur diens aan die Here
    d. V5-7: Nuwe krisis – ongekende voorspoed bring stryery tussen Abram en Lot se veewagters
    e. V8-9: Abram se plan was om nie weer die land te verlaat nie, dit eerder te verdeel
    f. V10-13: Lot kies die Jordaanstreek, weens die volop water
        - Selfsugtig – dink nie aan die impak op Abram nie
        - Neem nie die gevaar van Sodom en Gomorra in ag nie
    g. Abram is vergenoegd met die res van die beloofde land (vgl Deut 11:10-12)
    h. V14-17: Die Here bevestig aan Abram die beloftes van die land en nageslag
        - Die land sal altyd Abram en sy nageslag s'n wees (vgl Gen 12:1, 7)
        - Nageslag so talryk soos die stof van die aarde (vgl Gen 12:1, 7)
3. Die openbaringswaarhede wat ons leer uit hierdie gebeure
    a. Abram se geloof het gegroei tydens die hongersnood
        - Aanbid die Here, verlaat nie die land nie, tevrede met deel wat hy ontvang
    b. Lot se geloof het nie gegroei tydens die hongersnood nie
        - Selfsugtig op soek na verder voorspoed
        - Sy nageslag eindig buite die beloofde land (Gen 19:37-38)
        - Abram was deur die Here geroep, maar Lot nie
    c. Abram besef toenemend hoe groot die plan van die Here is
        - Abram begin besef daar is 'n dieper dimensie (vgl Heb 11:10, 16)
4. Implikasie vir ons
    a. 'n Toets is 'n beproewing as dit lei tot geloofsgroei – Abram is 'n voorbeeld
        - Beproewings lei tot volharding, en tot volmaaktheid (Jak 1:2-4)
        - In beproewing moet ons wysheid van God soek (Jak 1:5)
        - Lei tot vervulling van belofte van oorwinningskrans van lewe (Jak 1:12)
    b. 'n Toets is 'n versoeking as dit lei tot bevrugting van sondige begeertes – Lot is 'n voorbeeld
        - Lei tot bevrugting van sondige begeertes, sonde, dood (Jak 1:13-15)
    c. Gebruik ons toetse as beproewings om te groei, of as versoekings om sondige begeertes te bevrug?